

## DIE POLITIEK VAN EKONOMIESE HERVORMING: DIE GEVAL VAN TANZANIË

Daniel Pienaar\*

### Abstract

*Structural Adjustment Programs (SAP's) advocated by the World Bank and the International Monetary Fund in Africa have been the subject of intense debate in the last two decades. However, the process whereby the leaderships of African states come to accept that economic reforms as required by SAP's are indeed necessary, or alternately come to reject such reforms, has not been well documented and studied.*

*It is suggested that the prospect of economic aid is a powerful incentive for African leaderships to agree to SAP's, but whether such reforms are actually implemented depends on whether the leadership of the given state considers them desirable. African governments can turn such programs into an adversarial relationship with the International Financial Institutions (IFI's), particularly when programs are agreed upon, only to be reneged upon once the initial tranches of payments have been received.*

*It is also argued that the internal political process within the leadership (the executive branch) of a given state, is of critical importance if such programs are to be successfully implemented. It examines the relationship between the leadership of Tanzania and the IFI's between 1980 and 1986 to illustrate how economic reform was only undertaken in earnest once reform-minded members of the leadership achieved predominance in the government.*

---

### 1. INLEIDING

Die sentrale tesis van hierdie artikel is dat ekonomiese hervorming, soos dit in die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank se strukturele aanpassingsprogramme uiteengesit word, se kans op sukses afhanklik is van die ondersteuning wat dit geniet binne die staat vir wie dit aanbeveel word. Gesamentlik sal daar na die IMF en Wêreldbank verwys word as Internasionale Finansiële Instellings (IFI's).

Die suksesvolle aanvaarding en implementering van sulke programme is 'n resultaat van die land se interne politiek waarin die leierskap, of sekere elemente daarin, oortuig moet wees van die noodsaaklikheid van die aanbevole maatreëls, en dat

---

\* Navorsers, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Bloemfontein.

daardie elemente genoegsame invloed in die regering uitoefen om implementering 'n werklikheid te maak. Ekonomiese hervorming en strukturele aanpassingsprogramme kan nie van buite af afgedwing word nie. Die ekonomiese hulp wat sulke programme aanbied, dien egter as 'n sterk aansporing vir die leierskap van 'n land om die programme te aanvaar, maar nie om noodwendig die beleidsmaatreëls te implementeer wat die voorgenome programme vereis het nie.

Tanzaniese ekonomiese hervorming in die tagtigerjare van die vorige eeu sal as 'n voorbeeld gebruik word om hierdie proses te illustreer. Die jare 1980 tot 1986 is gekies omdat dit die tydperk was waarin die hervormers hul politieke opgang gemaak het binne 'n oorwegend onwillige regering. Verder is die regering ook uitgedaag deur onderskeie groepe in die burgerlike samelewing wat beswaar gemaak het teen ekonomiese agteruitgang. Die land se verhouding met bogenoemde IFI's sal aan die hand van die interne politieke proses bestudeer word. Hoewel die land steeds baie maatreëls na 1986 moes onderneem, was dit die waterskeidingsjaar waarin 'n ooreenkoms met die IMF bereik is en waarin hervormers (wat die maatreëls wat die IMF aanbeveel het, ondersteun het) die beheer van die ekonomiese beleid van die staat oorgeneem het.

## **2. DIE STRUKTURELE AANPASSINGSPROGRAM (SAP)**

Gordon (in Callaghy en Ravenhill, 1993: 109-10) argumenteer dat die regeerders van Afrikastate na skuld krisis in die laat sewentigerjare van die vorige eeu besef het dat hulle 'n ander vorm van hulp nodig het as die soort wat hulle tot in daardie stadium vanaf IFI's en ander skenkers ontvang het. Hulle was op soek na fondse wat nie aan spesifieke projekte gekoppel was nie, wat buigbaar was, en wat ook gebruik kon word om invoere te finansier. IFI's, aan die ander kant, wou invloed kon uitoefen op beleidskeuses in daardie lande. Beide Gordon en Clapham sien SAP's as 'n konsensus tussen leenlande en die IFI's, waardeur fondse direk na die betrokke land se reserwebank sou gaan en deel sou vorm van daardie land se begroting, in ruil waarvoor die leenland sou instem om sekere beleidskeuses te aanvaar en sodoende aan die voorwaardes te voldoen wat deur IFI's aanbeveel is. Clapham wys egter tereg daarop dat Afrikastate se bedingingsmag by die IFI's, vanweë hul swak ekonomieë, redelik beperk was (Gordon in Callaghy en Ravenhill 1993: 110; Clapham 1996: 168, 170). "Strukturele Aanpassingsprogramme" is 'n oorkoepelende term wat verwys na 'n reeks maatreëls wat deur state aanvaar moes word as voorwaardes vir die state om befondsing van die Wêreldbank en die IMF te ontvang. Hoewel die inhoud daarvan met die verloop van tyd en van staat tot staat gewissel het, het die maatreëls tog sterk ooreenkomste met mekaar getoon in dié sin dat dit as liberale en vryemarkgeoriënteerde beleidsrigtings beskou kan word.

## **2.1 Wat was die inhoud van die strukturele aanpassingsprogram?**

Clapham (1996) beweer dat die beleidsrigtings wat kragtens SAP's vereis is, in vier breë kategorieë verdeel kon word. Die eerste hiervan was dat daar van lande verwag is om hulle geldeendhede te devalueer. Die idee hieragter was dat dit invoere duurder, maar uitvoere meer winsgewend sou maak. Teoreties sou dit 'n massiewe verplasing van hulpbronne vanaf invoerders na uitvoerders meebring (Clapham 1996: 171; Chazan et al. 1999: 335).

Die tweede beleidsrigting het vereis dat state ekonomiese aktiwiteite onder hulle beheer oopmaak vir private mededinging. Hierdie eis het twee komponente gehad. Dit het eerstens beteken dat regeringskorporasies geprivatiseer moes word, of dat hulle gesluit moes word indien hulle nie winsgewend was nie. Tweedens moes regeringsmonopolieë ontbind word en private mededinging in daardie sektore toegelaat word (Clapham 1996: 171).

Derdens is regerings verplig om 'n einde te maak aan prysbeheermeganismes waarvolgens die staat pryse van produkte vasgestel het. Regeringssubsidies moes in die meeste sektore uitgefaseer word sodat die regering minder sou kon bestee maar ook sodat kommoditeite soos brandstof en landbou-insette teen meer realistiese pryse kon verhandel. Verder sou dit ook beteken dat voedselpryse volgens markkragte bepaal moes word, om sodoende landbouproduksie weer op die been te kry (Clapham 1996: 172; Chazan et al. 1999: 336).

Laastens is daar van die betrokke regering verwag om makro-ekonomiese stabiliteit te handhaaf. Dit het beteken dat begrotings sou moes balanseer, inflasie ingeperk en staatsbesteding besnoei word (Clapham 1996: 172; Chazan et al. 1999: 336).

## **2.2 SAP's: Om te implementeer of nie te implementeer nie**

Die grootste probleem met hierdie programme was dat, indien dit behoorlik geïmplementeer sou word, dit die politieke basis van die leierskappe van Afrika-state sou vernietig. Dit sou die heersers van sulke state hul vermoë ontnem om ondersteuningsnetwerke van hulpbronne waarop hulle vertrou het om hul magposisie te behou, te verskaf. Dit sou dit vir hulle onmoontlik gemaak het om staatshulpbronne vir politieke doeleindes aan te wend, die private ekonomie vir hulle en hul ondersteuners se gewin te manipuleer, of om die staatsektor te gebruik as 'n manier om hulpbronne aan hulle ondersteuners te verskaf. Om sulke programme toe te pas, sou vir die heersers kon beteken dat hulle die gevaar sou loop om hul as 't ware uit mag uit te hervorm (Clapham 1996: 180-1; Chazan et al.

1999: 338-9; Gordon in Callaghy en Ravenhill 1993: 114-5; Callaghy in Callaghy en Ravenhill 1993: 524-5).

Afrikaleiers het egter goeie redes gehad om sulke programme te *aanvaar*. Dit was in heersers se direkte finansiële belang om hulle te verbind tot 'n SAP - selfs al het hulle geen voorneme gehad om dit in werking te stel nie. Alternatiewe vir SAP's was vir meeste Afrikaleierskappe nie meer 'n opsie in die vroeë tagtigerjare nie. Verskeie kommentators het al op die ironie daarvan gewys dat die toepassing van SAP's juis toevertrou is aan dié leiers wat hul state tot ver oor die rand van bankrotskap en ekonomiese katastrofe gelei het (Clapham 1996: 177; Gordon in Callaghy en Ravenhill 1993: 112, 115; Martin in Callaghy en Rothchild 1993: 135).

Was die IFI's en hulle programme werklik so magtig dat hulle die sosio-ekonomiese landskap in Afrika kon verander? Leiers het redelik gou besef dat om hulle te verbind tot SAP's, nie noodwendig die einde van hulle politieke loopbaan beteken het nie - hierdie programme was in die praktyk baie moeilik om te monitor. IFI's het in die meeste gevalle nie self oor die hulpbronne beskik om oor elkeen van hul voorwaardes beheer uit te oefen nie. Internasionale druk, asook hulle eie onderneming om onderontwikkeling aan te pak, het dit vir hulle baie moeilik gemaak, op morele gronde, om hulp (wat saam met die aanvaarding van SAP's kom) op te skort. Hulp kon opgeskort word, maar dit sou niks op die lang termyn doen om 'n gebrek aan ekonomiese ontwikkeling stop te sit nie (Gordon in Callaghy en Ravenhill 1993: 113; Jackson 1990: 176). In sommige gevalle is SAP's wel opgeskort (Zaire en Zambië), maar die opskorting daarvan het nie veel skade aangerig aan state se kanse om die IFI's later te nader en tot nog 'n program toe te tree nie. Laastens moet daar ook onthou word dat werknemers by IFI's 'n pertinente belang daarby gehad het, om loopbaanredes, om state se toepassing van programme wat hulle help saamstel het, in so 'n goeie lig as moontlik te stel (Gordon in Callaghy en Ravenhill 1993: 113-4).

Callaghy noem die patroon wat op SAP's gevolg het die "voorwaardespeletjie". Voorwaardes was moeilik om te monitor en is ook nie met veel entoesiasme nagekom nie. Die program stol na die eerste uitbetalings, en na afloop van die gegewe tydperk word nog een onderhandel. Dit weerspieël Clapham (1996) se gevolgtrekking dat Afrikastate se leierskappe miskien besef het dat SAP's onafwendbaar was, maar dat vanuit hulle perspektief "sukses" in onderhandelinge met die IFI's daaruit bestaan het om die eerste uitbetalings uit die gegewe programme te verkry, en terselfdertyd so min as moontlik van die voorwaardes wat hulle politieke basis sou ondermyn, na te kom (Clapham 1996: 177, Chazan et al. 1999: 338-9).

Terwyl dit waar is dat die voorwaardes wat deur SAP's gestel is baie Afrikastate hulle hul absolute vryheid in die bepaling van hul ekonomiese beleid ontnem het, is dit misleidend om te beweer dat hulle gestroop was van hulle ekonomiese soewereiniteit.

### **3. TANZANIE**

#### **3.1 Onafhanklikheid tot Arusha: 1961-7**

Tanzanië het sy onafhanklikheid van die Verenigde Koninkryk in Mei 1961 ontvang. Die nuwe Eerste Minister was Julius Nyerere, leier van die Tanganjika Afrika Nasionale Unie ([http://www.sas.upenn.edu/African\\_Studies/NEH/tz\\_chrnlg.html](http://www.sas.upenn.edu/African_Studies/NEH/tz_chrnlg.html)). In April 1964 is die samesmelting van Tanganjika en die eiland Zanzibar aangekondig. Die nuwe land sou bekend staan as die Verenigde Republiek van Tanzanië ([http://www.sas.upenn.edu/African\\_Studies/NEH/tz\\_chrnlg.html](http://www.sas.upenn.edu/African_Studies/NEH/tz_chrnlg.html); Othman in Hodd 1988: 160). Die heersende party sou sedertdien bekend staan as Chama Cha Mapinduzi (CCM) of die Party van die Revolusie, gevorm onder die voorsitterskap van Nyerere (Ngasongwa J 1992: 113). Vroeg in 1965 is 'n nuwe grondwet ingestel waarvolgens die land 'n eenpartystaat sou word. Vier jaar later (in 1969) sou soewereiniteit amptelik oorgedra word van die parlement na die CCM (Jackson en Rossberg, 1982: 223).

#### **3.2 Die Arusha-deklarasië**

Op 5 Februarie 1965 kondig Nyerere die Arusha-deklarasië aan (Coulson 1982: 176-7). Ekonomies gesproke het die deklarasië 'n breuk beteken met die meer ortodokse ekonomiese beleid wat die land sedert onafhanklikheid gevolg het. Die land se ekonomiese ontwikkeling sou gelei word deur sosialistiese idees wat die staat as die sentrale koördineerder van die ekonomie gesien het. Die maatreëls wat onder die Arusha-deklarasië aanvaar is, was onder meer die nasionalisering van 'n breë reeks industrieë in die dienste-, produksie- en invoer- en uitvoersektore. Dit het ook staatsbeheer van die markte voorgestaan en daarom is prysbeheer op 'n lys van goedere ingestel ([http://www.sas.upenn.edu/African\\_Studies/NEH/tz\\_econ.html](http://www.sas.upenn.edu/African_Studies/NEH/tz_econ.html); Coulson, 1982: 176-7).

Die volgende afdeling sal vlugtig verwys na die gevolge van Nyerere se beleid vir sleutelsektore van die Tanzaniese ekonomie, naamlik landbou, nywerhede en die betalingsbalans.

### 3.3 Die ekonomie in Nyerere se Tanzanië

#### 3.3.1 Landbou

Onderliggend aan Tanzanië se plan van sosialisme en selfbehoud was die gedagte dat afhanklikheid van buitelandse produkte en skenkings tot 'n minimum beperk moes word. Verder was die staat ook daarvan bewus dat afhanklikheid politieke kostes tot gevolg kon hê.

Die Nasionale Meulekorporasie (NMK) het alleenreg gehad op die koop, verwerking en verkoop van landbouprodukte. Dié korporasie het vinnig berug geword vir sy onproduktiwiteit en swak organisasie. Vanaf 1967 tot in die vroeë tagtigerjare het die prys wat boere van die staat ontvang het vir hulle produkte skerp gedaal in verhouding tot die wêreldprys (Lofchie in Callagy en Ravenhill 1993: 423; Birgsten 2001: 22-3; Mans in Husain en Faruqee 1994: 400; Legum in Hodd 1988: 7). Die Nominale Pryscoëffisiënt (NPK) meet die verskil tussen plaaslike pryse en wêreldpryse van landbouprodukte. 'n NPK-waarde van 0 beteken dat geen vergoeding vir produkte ontvang is nie, terwyl 'n waarde van 1 beteken dat wêreldpryse direk aan die produsent oorgedra word. As die waarde meer as 1 is, beteken dit dat produsente gesubsidieer word. Die onderstaande tabel illustreer Tanzanië se NPK vir twee van sy hoofuitvoerprodukte, koffie en tee, vir 1967, 1974 en 1980.

<i>Nominale Pryscoëffisiënt vir koffie en tee: 1967, 1974, 1980</i>		
<i>Jaar</i>	<i>Koffie</i>	<i>Tee</i>
1967	0.53	0.61
1974	0.30	0.34
1980	0.12	0.15

Bron: Lofchie in Callagy en Ravenhill 1993: 425

Wat die boonste tabel duidelik maak, is dat die boere van Tanzanië se twee grootste uitvoergewasse vanaf 1967 tot 1980 'n krimpende gedeelte van die wêreldprys ontvang het. Wat hierdie syfers egter nie oordra nie, is die gevolg van die val in die wêreldprys van koffie tussen 1974 en 1978. Toe die prys in 1978 geval het, is die land se koffieboere swaar getref. Wat die land uiteindelik in 'n krisis sou dompel, was egter nie soseer die val van gewaspryse nie, maar die dalende produksie van sy hoofuitvoergewasse. Tussen 1980 en 1984 het katoenproduksie geval tot twee derdes van die 1970-2-hoogtepunt. Sisalproduksie het gedaal tot 28% van die 1964-66-hoogtepunt en kasjoeneute tot 30% van sy voormalige hoogtepunt. Teen 1980 het voedselinvoere reeds 10% van totale invoere uitgemaak, en dit het verder geklim tot 14% in 1985 (Lofchie in Callagy en Ravenhill 1993: 419, 422). Die

totale hoeveelheid landbou-uitvoere het met 30% tussen 1976 en 1985 gedaal en inkomste uit daardie uitvoere het gedaal vanaf 'n hoogtepunt van VSA \$426 miljoen in 1977 tot \$184 miljoen in 1985 (Mans in Husain en Faruqee 1994: 399). In hierdie tydperk het die land se betalingsbalansposisie en industrieë ook agteruitgegaan.

### **3.3.2 Industriële ontwikkeling**

Gedurende die sewentigerjare was Tanzanië se geldeenheid tussen 200% en 300% oorgewaardeer. Dit sou gedeeltelik help om die regering se "Basiese Industriële Strategie" op dreef te kry. Volgens hierdie strategie sou die land soveel as moontlik van sy behoeftes probeer bevredig deur plaaslike produksie. So 'n program sou egter aanvanklik baie insette van buite nodig hê, wat buitelandse valuta nodig gemaak het (Coulson 1982: 312). In die praktyk het dit daartoe bygedra om die vergoeding wat boere vir hul produkte gekry het, laag te hou (Lofchie in Callaghy en Ravenhill 1993: 424). Die land se aandrang op selfvoorsiening het ook beteken dat plaaslike nywerhede beskerm moes word. Daar was 'n ingewikkelde stelsel van tariewe om invoere beheer. Plaaslike vervaardigers is met 'n gemiddelde tarief van 500% beskerm (Mans in Husain en Faruqee 1994: 399). Teen die vroeë tagtigerjare is daar geskat dat Tanzaniese vervaardigingsnywerhede teen slegs 30% van hulle kapasiteit gefunksioneer het (Bigsten 2001: 37). Teen daardie tyd het daar ook al 'n winsgewinde swartmark ontwikkel (Mans in Husain en Faruqee 1994: 369).

'n Verdere probleem was die groei van staatskorporasies. Dit was deel van die staat se visie dat hulle 'n leidende rol in die ekonomie moes speel. In 1966 was daar 43 sulke korporasies. Teen 1986, toe staats hervorming sou begin en met die IMF 'n ooreenkoms gesluit is, was daar 433 (Mans in Husain en Faruqee 1994: 380). 'n Groot deel van die probleem was dat staatskorporasies outomaties krediet kon ontvang by die staatsbeheerde Nasionale Kommersiële Bank wat op sy beurt outomaties krediet ontvang het by die Nasionale Bank van Tanzanië. In 1980 was minder as 8% van kommersiële banke se uitstaande skuld afkomstig van die privaatsektor (Bigsten 2001: 37).

### **3.3.3 Vier Krisisse**

Tussen 1977 en 1981 sou vier krisisse die leierskap van Tanzanië dwing om te herbesin oor die land se gekose ekonomiese pad.

- In 1977 word die Oos-Afrika Gemeenskap wat bestaan het uit Kenia, Uganda en Tanzanië na 11 jaar ontbind (Mporogomyi in Hodd 1988: 52; Economist Intelligence Unit 1987-88: 5).

- Tweedens stuur Tanzanië in die begin van 1979 20 000 troepe na Uganda om die bloeddorstige president Idi Amin te verwyder. Hierdie optrede het Tanzanië egter omtrent VSA \$500 miljoen gekos, baie daarvan in skaars buitelandse valuta (Legum in Hodd 1988: 7; Economist Intelligence Unit Country Profile 1987-88: 5).
- Die 1979-olieprysverhogings het op presies die verkeerde tyd vir die land gekom. Teen 1977 het die land buitelandse reserwes van VSA \$300 miljoen gehad - genoeg vir vyf maande se invoere. Na die val van die koffieprys in 1978 was daar 'n uitstroming van reserwes omdat die koffie-inkomste nie meer invoere kon betaal nie. Aan die einde van 1978 was daar genoeg buitelandse reserwes om twee maande se invoere te bekostig. Die gevolge van die prysverhogings kan gesien word as daar na die land se lopende rekeningtekort in verhouding met die BNP gekyk word (die lopende rekeningtekort is die verskil tussen die verdienste uit uitvoere en die koste van invoere). Die lopende rekeningtekort was gelykstaande aan 1% van die BNP in 1976, teen 1978 groei dit tot 10% en bereik 'n hoogtepunt van 13% in 1980 (Elkan in Hodd 1988: 84). In 1974 was die waarde van invoere gelyk aan slegs 40% van die land se uitvoere, in 1979 was invoere al meer as 100% meer werd as uitvoere (Biermann in Hodd 1988: 176). Terselfdertyd het die land se skuldlas gegroei. Die waarde van medium- en langtermynskuld was meer as 50% van die BNP in 1984 en meer as 700% van die waarde van die land se uitvoere. Die persentasie van die BNP wat die regering moes terugbetaal, groei van 17% van die BNP in 1980 tot 54% in 1985 (Wagao in Hodd 1988: 85).
- Laastens was buitelandse finansiële skenkers uiters teleurgesteld in die land se ekonomiese vordering. Baie skenkers het begin aandring dat die land sy ekonomiese beleid verander. Gedurende die sewentigerjare was die land die enkele grootste ontvanger van buitelandse hulp in Sub-Sahara Afrika. In 1980 het Tanzanië VSA \$761 miljoen in hulp ontvang, of VSA \$40 per capita (Bigsten 2001: 3-4, 6).

Hierdie vier opeenvolgende gebeurtenisse het die land se betalingsbalans en lopende rekening in 'n erge krisis gedompel. Die land het vir die eerste keer in sy geskiedenis voor 'n situasie te staan gekom waar banke aangedring het op kontantbetalings om invoerkostes te dek en waar die land potensieel nie meer in staat sou wees om sy skuld terug te betaal nie (Mporogomyi in Hodd 1988: 54).



## **4. HERVORMING**

### **4.1 Groepe wat hervorming voorgestaan het**

Hierdie afdeling sal die groepe waaronder die aanvanklike druk om ekonomiese hervorming ontstaan het, ondersoek. Onder die vaandel van die burgerlike samelewing het groepe studente, akademië en burgers in opstand gekom teen korrupsie. In die staatsdiens het sommige staatsamptenare begin om hulself te vereenselwig met die ekonomiese idees wat die IFI's verkondig het.

#### **4.1.1 Studenteprotes**

Een van die eerste tekens dat lede van die voormalige elite van Tanzanië besig was om die ekonomiese orde van die land te bevraagteken, was die studenteproteste van 1978. Terwyl dit met reg uitgewys kan word dat hierdie groeie geensins verteenwoordigend was van die breë Tanzaniese bevolking nie, is dit belangrik omdat hierdie groep gesien is as die toekomstige elite - indien hulle nie reeds deel daarvan was nie. In 'n memorandum wat hulle aan die regering oorhandig het, het hulle onder meer gesê dat die party en die regering nie volgens hulle uitsprake beoordeel moes word nie maar volgens hulle dade (Shivji in Cambell en Stein 1992: 49-50).

#### **4.1.2 Die ivoortoring neem stelling in: die akademië**

Teen 1982 het die ekonomiese fakulteit van die Universiteit van Dar Es Salaam die leiding geneem om die regering se ekonomiese beleid te begin bevraagteken. Veral ekonome van die Ekonomiese Navorsingsburo het bekendheid (of berugtheid in die party se oë) begin verwerf vir hul seminare waarin hulle navorsing die party se konvensionele wysheid oor ekonomiese sake openlik uitgedaag het (Lofchie in Callaghy en Ravenhill 1993: 450-1). Wat hierdie seminare belangrik gemaak het, was dat dit nie slegs as 'n openbare verhoog gedien het vir alternatiewe idees nie, maar ook as 'n informele netwerk tussen middel- en hoëvlakstaatsamptenare van verskeie ministeries en regeringskonsultante. Laastens was hierdie ekonome ook in baie gevalle bevriend met van die land se hoë staats- en partyamptenare, wat beteken het dat hulle idees inslag gevind het en dat hulle toegang gehad het tot kanale waar dit andersins geïgnoreer kon word (Bigsten 2001: 25; Lofchie in Callaghy en Ravenhill 1993: 451).

#### **4.1.3 Korrupsie en "ekonomiese sabotasie"**

'n Nasie wat vir lank moes hoor van die komende egalitêre samelewing het skepties daarvoor geraak soos korrupsie en omkoperij binne die regering al hoe duideliker geword het. Teen die begin van die tagtigerjare het burgers gekla dat amper elke aspek van hulle onderhandelinge met die staat 'n element van omkoperij bevat het.

In 'n poging om die regering se beeld te herstel, is die Wet op Ekonomiese Sabotasie in 1983 deur die parlement gevoer en deur Nyerere onderteken. Hiervolgens is 'n reeks gewone misdade tot "ekonomiese sabotasie" verklaar. Regspraak oor hierdie misdade is verwyder van die howe en in die hande van spesiale tribunale geplaas (Shivji in Cambell en Stein 1996: 51). 'n Groot deel van die publiek se probleem met die wet was dat dit meestal kleinhandelaars sonder die regte permissie, of in besit van 'n groot hoeveelheid van 'n bepaalde produk was, wat gearresteer en swaar gevonnis is, terwyl hoëvlakamptenare skynbaar amptelike beskerming geniet het. Die wet het misluk en in Julie 1984 is dit stilweg verander na die Wet op Ekonomiese en Organisasoriese Beheer, die tribunale is ontbind en van toe af sou die Hooggeregshof sulke verhore hanteer (Economist Intelligence Unit Country Profile 1984 No. 2: 8,10).

#### **4.1.4 Hervormers, die staatsdiens en die IFI's**

Teen die begin van die tagtigerjare het 'n aantal staatsamptenare se ekonomiese uitgangspunte nader aan dié van die IFI's beweeg. Die IFI's se intellektuele invloed is al so vroeg as in 1973 beskryf. In daardie jaar het Mason en Asher (1973: 431-2) gemeld dat pogings van die Wêreldbank om beleid in lenerlande te beïnvloed baie meer suksesvol was wanneer daar politieke steun vir die bank se voorstelle in die land was. Volgens hulle moes die bank eerstens sleutelamptenare in die regering, hetsy in die wetgewende of uitvoerende gesag, oortuig (indien hulle nie klaar in hul private hoedanigheid daarvan oortuig was nie) dat die voorgestelde veranderinge wenslik is en onderneem moes word met of sonder internasionale hulp. Dit is baie moeilik om te bepaal presies wie in die Tanzaniese politiek saam met die IFI's gewerk het om hervorming teweeg te bring en verder om te bepaal in watter mate daardie amptenare die IFI's se denkwyse gedeel het.

In 'n poging om dié sluier te lig, het Kalundu gekyk na hoëvlak Tanzaniese amptenare wat na 'n tyd uit hul poste in die staat bedank het om poste te aanvaar by die bank of die IMF. Terwyl hy erken dat dit moeilik is om met sekerheid te bepaal of die amptenare tydens hul aanstellings in die staatsdiens inderdaad met die IFI's saamgestem het, neem hy hul indiënsneming deur die IFI's as genoegsame bewys

aan dat hulle wel op beleidsvlak hulself kon vereenselwig met die IFI's se filosofie (Kalundu 1986: 170-2). Die amptenare wat hy as voorbeelde gebruik, sluit in:

- mnr. Mtei, die Minister van Finansies, wat gedwing is om te bedank na 'n dispuut met die IMF in 1981 en daarna by die IMF aangesluit het;
- mnr. Kayani, die Direkteur van Beplanning: Tanzanië Pos en Telekommunikasie (1980-85) wat na sy loopbaan in die land se staatsdiens aangesluit het by die Wêreldbank se Departement van Pos en Telekommunikasie. Terwyl hy in die staatsdiens werksaam was, het hy nou met dié bank saamgewerk om projeklenings van die bank te verkry en was ook verantwoordelik vir die implementering daarvan;
- mnr. Issa, 'n voormalige hoë amptenaar in dieselfde staatskorporasie, wat ook na sy termyn by die Wêreldbank se Departement van Pos en Telekommunikasie aangesluit het;
- mnr. Mukami, die besturende direkteur van die Tanzaniese Tee-owerheid ('n staatskorporasie) tot en met 1980 wat daarna by die Wêreldbank se landboudepartement aangesluit het. 'n Deel van sy verantwoordelikhede by die owerheid was die hantering van die Wêreldbank se lenings;
- beide drs. Rwegasira en Balali, twee voormalige direkteurs van navorsing by die reserwebank, die Bank van Tanzanië, wat na hul termyne by die bank by die IMF aangesluit het (Kalundu 1986: 172-3).

## **4.2 Hervorming begin**

### **4.2.1 Tanzanië speel die voorwaardespeletjie**

Vroeg in 1979 tree die regering in gesprek met die IMF. Die IMF het onder meer daarop aangedring dat die land sy geldeenheid met 20% devalueer tot 12,2 Tanzaniese sjielings (TSh) vir een Amerikaanse Dollar. Die amptelike wisselkoers het in daardie stadium op VSA \$1=TSh 7,33 gestaan, terwyl die nie-amptelike een reeds op VSA \$1=TSh 8,30 was (Economist Intelligence Unit Country Profile 1982 No. 2: 9; Lofchie in Callaghy en Ravenhill 1993: 403, 407). Die land moes ook sy staatsektor hervorm, vlakke van salarisse en lone vries en minder aan sosiale dienste bestee (Kiondo in Cambell en Stein 1992: 23-4). Interne en buitelandse waarnemers was verras oor die kort tyd wat die onderhandelingsproses geduur het: in die middel van 1979 is 'n ooreenkoms tussen die twee bereik (Bigsten 2001: 24). Volgens die ooreenkoms sou 'n bedrag van VSA \$600 miljoen trapsgewys in verskillende paaie oorbetal word aan Tanzanië (Van der Geest en Kottering in Van der Geest 1994: 72).

Die sluiting van 'n ooreenkoms met die IMF was 'n voorwaarde vir hulp van die Wêreldbank en met die ooreenkoms afgehandel, het die land begin met onderhandelinge met die bank. Laat in 1980 het die bank 'n memorandum aan die land gestuur waarin die breë beleidspunte uiteengesit is waaraan die land aandag moes gee alvorens hulp oorweeg sou kon word. Die bank het dit uitgespel dat die land reeds een van die hoogste vlakke van buitelandse hulp per capita in die wêreld ontvang het en nie kon verwag dat dit sou vermeerder nie. Betalingsbalansprobleme moes opgelos word deur 'n drastiese groei in uitvoere omdat verdere inperkings in invoere 'n nadelige invloed op die ekonomie sou hê. Om hierdie styging in uitvoere te bewerkstelling (sowel as om voedselinvoere in te kort) het die bank voorgestel dat die pryse vir landbouprodukte wat aan produsente betaal word, in ooreenstemming gebring word met wêreldpryse. Verder is daar voorgestel dat die regering besteding aan sosiale infrastruktuur besnoei en meer bestee aan die landbou, vervoer en nywerheidssektore en sy geldeenheid devalueer (Kalundu 1986: 368-70).

Hoewel die regering aanvanklik positief oor die bank se voorstelle was, het Nyerere 'n toespraak gelewer waarin hy byna elkeen van die bank en die IMF se voorstelle verwerp het (Kalundu 1986: 370). Dit moet genoem word dat hierdie aanvalle gelewer is nadat die eerste paaiement van die lening ten bedrae van ongeveer VSA \$30 miljoen, reeds uitbetaal was (Economist Intelligence Unit Country Profile 1985 No. 2: 9). Laat in 1980 is die hoof van die IMF-sending beveel om die land summier te verlaat en onderhandelinge het platgeval. Die tweede uitbetaling van die IMF-bystandlening is weerhou en die IMF het sy program in November 1981 opgeskort (Bigsten 2001: 24; Biermann in Hodd 1986: 176). Die Minister van Finansies wat gedurende hierdie tydperk onderhandelinge met die IFI's hanteer het, Minister Mtei, is daarna deur Nyerere uit sy pos onthef omdat hy deur partylede beskou is as te na aan hierdie instansies en hy is vervang met die meer konserwatiewe Jamal (Bigsten 2001: 25).

#### **4.2.2 Die Nasionale Ekonomiese Oorlewingsplan**

Met geen IMF-ooreenkoms nie en 'n ekonomie wat in die moeilikheid was, was die regering onder plaaslike druk om met 'n oplossing vorendag te kom. Onder leiding van Nyerere en van die konserwatiewer lede van die party, het die regering hom voorgedoen as die verdediger van die humanitêre en sosialistiese waardes teenoor die harde markgedrewe planne van die IFI's.

In die middel van 1981 word die aanvang van die Nasionale Ekonomiese Oorlewingsplan (NEO) aangekondig. Soos in die geval van die ooreenkoms met die IMF, is die plan so vinnig aangekondig dat baie waarnemers gewonder het hoe weldeurdag dit was. Hiemee het die regering beoog om uitvoere te verhoog en

voedseltekorte te voorkom deur wateraanlegskemas in dorpe te begin om droogtebestande gewasse te verbou. Verder sou staatsbesteding ernstig ingekort word (Bigsten 2001: 25). 'n Groot gedeelte van die plan het berus op emosionele taalgebruik waarmee die opstellers skynbaar 'n grootskaalse mobilisering van die land se samelewing in gedagte gehad het. Die plan het dit duidelik gemaak dat die IMF die land se sosialistiese prestasies wou afbreek, maar dat die party 'n sterk standpunt ingeneem het teen buitelandse inmenging. Die plan het gevra dat die mense van Tanzanië hulle voorberei vir 'n ekonomiese "oorlog" teen "kapitalisme" en burgers is gewaarsku teen die moeilike tye wat in die toekoms sou volg (Kiondo in Cambell en Stein 1992: 24; Biermann in Hodd 1988: 177). Ten spyte hiervan is daar steeds verwag dat buitelandse ekonomiese hulp 'n groot rol moes speel om die land se ekonomie weer op die been te kry (Bigsten 2001: 25).

Die plan het teikens gestel vir toekomstige uitvoere, maar weinig gesê oor hoe dit bereik sou word. Beide die bank en die IMF het ondersteuning vir die plan geweier. Deur populistiese taalgebruik en openlike aanvalle op die IFI's wou die konserwatiewer lede van die CCM en die regering hulle weer as die politieke sentrum van die land bevestig. Die NEO was in daardie opsig die "sosialistiese" alternatief tot die IMF se voorstelle. Hierdie benadering het egter 'n baie hoë risiko ingehou. Deur hulle openlik te verbind tot die NEO is 'n groot deel van hulle politieke geloofwaardigheid ook gekoppel aan die sukses daarvan (Biermann in Hodd 1986: 176-7). Die NEO was nie 'n sukses nie. In 1982 staan die amptelike waarde van die sjieling op VSA \$1= TSh12,75, terwyl die swartmarkwaarde VSA 1\$=TSh16,50 was (Lofchie in Callaghy en Ravenhill 1993: 407). In November van daardie jaar het buitelandse reserwes VSA \$6,7 miljoen beloop, genoeg om drie dae se invoere te dek (Economist Intelligence Unit Country Profile 1982 No. 2: 9).

#### **4.2.3 Die strukturele aanpassingsprogram van 1982**

Teenoor die NEO was die strukturele aanpassingsprogram van 1982 'n plan waarvan die parameters en inhoud deur hervormers in die party en staatsdiens gestel is. Ten spyte van die ooreenkoms met die IFI's se programme met dieselfde naam, was dit 'n interne inisiatief wat nie onder die IFI's se leiding onderneem is nie. Die mislukking van die NEO het hervormers in staat gestel om hulle plan as 'n ware ekonomiese alternatief te stel in plaas van die onrealistiese NEO en 'n andersins rigtinglose ekonomiese beleid te midde van agteruitgang (Biermann in Hodd 1988: 177). Hoewel die program van buite ervaar is as te min hervorming wat te laat gekom het, moet daar onthou word dat die SAP in wese ooreengestem het met die idees van die IFI's. Daarin lê die politieke oorwinning vir hervormers. Die konserwatiewe vleuel van die party en staat het na die mislukking van die NEO nie meer oor die intellektuele kapasiteit beskik om vorendag te kom met

alternatiewe idees nie. Van daar af sou die hervormers stelselmatig meer van hulle idees in beleid kon omskep.

Die uiteindelijke strukturele aanpassingsprogram wat in 1982 van stapel gestuur is, het voorgestel dat die regering staatsbesteding sny, verseker dat boere dadelik vir hul produkte betaal word, asook dat die balans van interne sowel as eksterne rekeninge gebalanseer word en dat die landboukoöperasies weer toegelaat word om produkte te koop (en gevolglik dat die regering se monopolie daarop gebreek word); die regering moes verder die geldaanbod verminder en prysmeganismes hervorm om die groeiende swartmark hok te slaan (Van der Gees en Köttering in Van der Geest 1994: 72). Die geldeenheid is in Maart 1982 met 12% gedevalueer en met 'n verdere 20% in 1983. Dit is insiggewend dat selfs nadat die konserwatiewe Minister van Beplanning, Malima, die verslag aangepas het, dit nog steeds grootliks berus het op befondsingshulp deur die Wêreldbank en IMF. Die IMF en die bank was egter uiters skepties oor die belofte van 'n moontlike devaluasie van die geldeenheid en geen daadwerklike beleidsveranderinge oor produsentepryse in die landbousektor nie. Die regering het hom toe tot die Nordiese lande gewend om die program te finansier, maar daardie state was ook krities oor die werkbaarheid van die plan (Bigsten 2001: 25; Kiondo in Cambell en Stein 1992: 24-5).

#### **4.2.4 Hervorming en teenkanting**

Die tydperk van 1983 tot 1984 is gekenmerk deur intense binnegevegte tussen hervormers, wat na hulself begin verwys het as pragmatiste, en die konserwatiewes, wat hulself die sosialiste genoem het (Lofchie in Callaghy en Ravenhill 1993: 453). Dit was 'n geveg wat te midde van verdere slegte ekonomiese nuus plaasgevind het. Teen die einde van 1982 het skuld van die openbare sektor aan die buiteland al VSA \$1,7 biljoen beloop. In 1983 alleen was die land VSA \$100 miljoen verskuldig in buitelandse skuldbetalings. In Maart 1983 het reserwes in buitelandse valuta verder gekrimp tot VSA \$5,7 miljoen, te min om selfs drie dae se invoere te bekostig. In die tweede kwartaal van 1984 het die land 'n VSA \$500 miljoen tekort op sy lopende rekening gehad (Economist Intelligence Unit Country Profile 1983 No. 2: 9; 1983 No. 4: 9; 1984 No. 2: 8).

In Februarie 1983 het 'n kabinetskommeling plaasgevind en Cleopa Msuya is aangewys as Minister van Finansies. Hoewel hy die vorige jaar die pos van Eerste Minister beklee het, was sy aanwysing in die pos belangrik omdat hy 'n reputasie gehad het van goeie verhoudinge met die IFI's en 'n voorstander van hervorming was. Hy het ook minister Jamal vervang, wat ná Mtei in die pos aangewys is en bekend was as 'n sterk figuur in die "sosialistiese" kamp. Jamal is egter nie totaal uit die kabinet geskuif nie en is as Minister Sonder Portfolio aangewys (Bigsten

2001: 25; Economist Intelligence Unit Country Profile 1983, No. 2: 8). Die kabinet is in daardie stadium oorheers deur konserwatiewes en Msuya en sy kollegas in die Ministerie van Finansies het sterk teenstand gekry wat betref hul hervormingsidees. In die middel van 1983 het Msuya openlik gebots met Malima, die Minister van Beplanning. Malima het so ver gegaan as om 'n memorandum aan Nyerere te skryf waarin Msuya en kollegas beskryf is as "verraaiers" (Bigsten 2001: 26).

Ten tyde van Msuyo se konflik met Malima en sy geesgenote met die drakoniese Wet op Ekonomiese Sabotage in volle swang, het ander dele van die staat begin om presies die tipe hervormings toe te pas waarteen die konserwatiewes so gekant was. In Junie 1983 is die waarde van die sjieling met 20% gedevalueer tot VSA \$1= TSh12. Dit was egter wat die IMF in 1981 aanbeveel het. In 1982 het die instansie gereken dat 'n devaluasie van minstens VSA \$1=TSh 25 nodig sou wees om die swartmarkhandel in valuta stop te sit. In Julie 1983 is die produsenteprys vir sommige van die land se grootste uitvoerprodukte met 40% verhoog. Dit het koffie, tee, kasjoeneute, kardamom, bertramkruid en suiker ingesluit. Verder is die gedeelte van die finale prys wat produsente sou ontvang aansienlik opgeskuif na 75% (Economist Intelligence Unit Country Profile 1983 No. 4: 11; 1984 No. 2: 8). Die grootste gros hervormings voor die 1986-ooreenkoms met die IMF sou egter plaasvind tydens die 1984-begrotingstoespraak.

#### **4.2.5 Die 1984-begrotingstoespraak**

Die begrotingstoespraak van Junie 1984 was die enkele grootste aankondiging van ekonomiese hervormings in die land se geskiedenis van hervorming. Die Minister van Finansies, Msuya, het aangekondig dat die geldeenheid met 40% gedevalueer sou word tot VSA \$1=TSh 17. Invoerbepelings en lisensies is op 'n reeks goedere, onder meer op tekstiel-, konstruksie- en elektriese produkte, opgehef. Volgens die nuwe "eie valuta"-stelsel kon burgers wat in besit van die nodige valuta was, die goedere self invoer sonder 'n regeringslisensie. Pryssubsidies op 'n reeks goedere, onder meer die stapelvoedsel mieliemeel, is ook opgehef. Daar is ook aangekondig dat verbruikers gedeeltelik sou moes betaal vir sekere dienste, soos opvoeding en mediese dienste. Die produsentepryse vir die land se grootste landbou-uitvoerprodukte is met tussen 46% en 55% verhoog. Vir die eerste keer is die bemarking van graan amptelik uit die hande van die NMK geneem. Graan wat tot en met 500 kg weeg, kon vryelik deur die land beweeg (vantevore was dit onwettig en is dit beskou as 'n poging om dit buite die NMK te bemark). Uitvoerbelasting op 'n verdere aantal produkte is opgehef. Regeringsbesteding is ingekort deur twee maatreëls: eerstens deur die genoemde afskaffing van regeringsubsidies en tweedens deur die begroting, wat aan sekere staatskorporasies toegewys is, skerp te sny. Sonder hierdie twee maatreëls sou die tekort op die begroting ongeveer 50%

groter gewees het (Economist Intelligence Unit Country Profile 1984 No. 4: 11-12; Svendsen in Boesen, Havnevik, Koponen en Odgaard 1986: 73-5; Van der Geest en Kottering in Van der Geest 1994: 73).

Die begrotingstoespraak was 'n oorwinning vir die hervormers in Tanzanië. Dit het in wese die meeste van die idees bevat wat deur die IFI's voorgestaan is en hoewel 'n ooreenkoms eers twee jaar later bereik sou word, kan daar gesê word dat 1984 in werklikheid die begin van amptelike ekonomiese hervorming was. Daar moet ook daarop gewys word dat al die hervormings wat tot hierdie punt beskryf is, aangekondig en ingestel is. Dit sou egter nog twee jaar duur voordat die hervormers in die regering uiteindelik die oorhand sou kry.

#### **4.2.6 Die koms van Mwinyi en die IMF**

Vroeg in 1982 kondig Nyerere aan dat hy aan die einde van 1985 wil bedank. Teen 1985 was daar drie individue genoem as moontlike opvolgers vir Nyerere: Salim Achmed Salim, Rashidi Kawawa en Ali Hassan Mwinyi (Economist Intelligence Unit Country Profile 1985 No. 2: 6-7, No. 4: 7-8).

Mwinyi, wat as 'n Zanzibari nie besonder bekend was buite die eiland nie, was uiteindelik die kompromiskandidaat wat vir beide die ondersteuners van Kawawa en Salim aanvaarbaar was. Hy is op 15 Augustus genomineer en deur die CCM as die enigste kandidaat aanvaar om Nyerere op te volg. Hy word op 4 November 1985 ingesweer as President van die Verenigde Republiek van Tanzanië (Economist Intelligence Unit Country Profile 1986 No. 1: 7).

#### **4.3 1986: 'n Ooreenkoms word bereik met die IMF**

Een van die eerste stappe van Mwinyi was om die Ministerie van Beplanning, onder leiding van Malima, te ontbind. Malima sou die hoof word van 'n kleiner beplanningseenheid in die Ministerie van Finansies, wat steeds bestuur is deur sy ou vriend, Msuya.

In Junie 1986 het die Minister van Finansies, Msuya, met Mwinyi se ondersteuning, 'n reeks nuwe maatreëls aangekondig wat bykans elke sektor van die ekonomie geraak het. Dit het die volgende ingesluit:

- Die produsenteprijs van landbouprodukte is verhoog tot tussen 60% en 70% van die wêreldprijs (wat boere in Tanzanië vir die eerste keer meer sou laat verdien as hulle bure in Kenia).
- Die geldeenheid is gedevalueer van VSA \$1=TSh 17,80 tot VSA \$1=TSh 40.



- Die uitbreiding van die geldvoorraad is beperk tot tussen 15% en 20%.
- Valutabeheer is verder beperk deur die instelling van die sg. "eie fondse"-stelsel wat die lys van goedere wat vryelik ingevoer kon word, uitgebrei het.
- Private uitvoerders is vir die eerste keer toegelaat om tot 50% van hulle winste in buitelandse geldeenhede te hou (Bigsten 2001: 28; Kiondo in Cambell en Stein 1986: 29-30).

Dit het verder 'n reeks ander langtermynmaatreëls bevat, soos 'n vermindering in die aantal werkers in die staatsdiens, 'n vermindering in die subsidies wat betaal is aan staatskorporasies, die privatisering van die korporasies wat lewensvatbaar was en beter finansiële beheer oor staatsbesteding (Bigsten 2001: 28).

In Augustus 1986 is 'n betalingsbalansbystandsooreenkoms ter waarde van VSA \$77,5 miljoen vir die volgende 18 maande met die IMF aangegaan. Die land het deur die Wêreldbank toegang tot VSA \$100 miljoen in sektorale lenings en bystand gekry. In September daardie jaar is VSA \$600 miljoen van die totale skuld las van oor die VSA \$2 biljoen deur die Parysklub ('n konsortium van Westerse nasies en Japan wat lenings aan ontwikkelende lande beskikbaar stel) geherskeduleer (Economist Intelligence Unit Country Profile 1984 No. 3: 9; Van der Geest en Kottering in Van der Geest 1994: 73).

## 5. GEVOLGTREKKING

Die bogaande bespreking wou bewys dat die IFI's se strukturele aanpassingsprogramme en die gepaardgaande hervorming slegs suksesvol toegepas sou kon word indien die regering, of minstens 'n deel daarvan, die doelstellings van sulke programme ondersteun het. Daar is gearchumenteer dat hervorming 'n interne proses is waarby die leierskap van die gegewe land intiem betrokke moet wees, en waarteen sommige dele van die regering sterk gekant kan wees. Dit kan nie 'n proses wees wat slegs van buite afgedwing word nie. Sekere amptenare binne die regering en lede van die burgerlike samelewing moet daarvan oortuig wees dat sulke maatreëls gepas is.

Daar is getoon dat die inwerkingstelling van sulke programme uiteindelik 'n keuse van die regering was, en dat dit moontlik vir regerings is om sulke hervormings te omseil deur hulle onder meer aan so 'n program te verbind en dan daarna te onttrek. Tanzanië het selfs so ver gegaan as om die amptenare van die IFI's te beveel om die land te verlaat - nadat uitbetaling aanvaar is. Verder is aangedui dat, hoewel maatreëls wat in ooreenkomste vereis is in verskeie gevalle nie toegepas is nie, dit tog vir die land moontlik is om weer in 'n ooreenkoms met IFI's te tree. Die lenerland se verhouding met die IFI's is in die hierdie opsig ineengevleg met die interne

politieke strominge in daardie land. Daar is ook 'n perk wat die vermoëns van die IFI's betref om hulle voorgestelde maatreëls in lenerlande tot uitvoer te bring. Hervorming in Tanzanië is uiteindelik deurgevoer deur amptenare wat daarvan oortuig was dat die bepaalde maatreëls wat die IFI's voorgestel het, wenslik was.

### **BIBLIOGRAFIE**

- Biermann W 1988. Tanzanian Politics under IMF pressure. In: Hodd M (red.). **Tanzania After Nyerere**. Printer, Londen.
- Birgsten A 2001. Aid and reform in Tanzania. In: **Aid and reform in Africa**. Washington: World Bank.
- Chazan N, Lewis P, Mortimer R, Rothchild D en Stedman J 1999. **Politics and society in contemporary Africa**. Boulder: Lynne Rienner.
- Clapham C 1996. **Africa and the international system: The politics of state survival**. Cambridge: Cambridge University Press.
- Coulson A 1982. **Tanzania: A political economy**. Cambridge: Claredon.
- Elkan W 1998. Trade and aid. In: Hodd M (red.). **Tanzania after Nyerere**. Londen: Printer.
- Gordon D 1993. Debt, conditionality and reform: The international relations of economic policy restructuring. In: Sub-Saharan Africa, in Callaghy T en Ravenhill J (reds.). **Hemmed in: Responses to Africa's economic decline**. New York: Columbia University Press.
- Jackson R 1990. **Quasi states: Sovereignty international relations and the Third World**. Cambridge: Cambridge University Press.
- Jackson R en Rossberg C 1992. **Personal rule in black Africa**. Berkeley: University of California.
- Kalundu M 1986. **The role of the World Bank in the development of Tanzania**. The American University.
- Legum C 1988. The Nyerere Years. In: Hodd M (red.). **Tanzania after Nyerere**. Londen: Printer.

Lofchie M 1993. Trading places: Economic policy in Kenya and Tanzania. In: Callaghy T en Ravenhill J (reds.). **Hemmed in: Responses to Africa's economic decline**. New York: Columbia University Press.

Mans D 1994. Tanzania resolute action. In: Husain en Faruqee (reds.). **Adjustment in Africa: Lessons from country case studies**. Washington: World Bank.

Mason E en Asher R 1973. **The World Bank since Bretton Woods**. Washington: Brookings Institution.

Mporogomyi K 1988. Tanzania's manufacturing industry. In: Hodd M (red.). **Tanzania after Nyerere**. Londen: Printer.

Shivji I 1992. The politics of liberalization in Tanzania: The crises of ideological hegemony. In: Cambell H en Stein H (reds.). **Tanzania and the IMF: The dynamics of liberalization**. Boulder: Westview Press.

Van der Geest W en Kottering A 1994. Structural adjustment in Tanzania: Objectives and achievements. In: Van der Geest W (red.). **Negotiating structural adjustment in Africa**. Londen: James Curry.

Wagao J 1988. Tanzania's trade policy. In: Hodd M (red.). **Tanzania after Nyerere**. Londen: Printer, London.

#### **Koerante**

**Economist Intelligence Unit Country Profile** 1982 No. 2.  
**Economist Intelligence Unit Country Profile** 1983 No. 2.  
**Economist Intelligence Unit Country Profile** 1983 No. 4.  
**Economist Intelligence Unit Country Profile** 1984 No. 2.  
**Economist Intelligence Unit Country Profile** 1984 No. 3.  
**Economist Intelligence Unit Country Profile** 1985 No. 2.  
**Economist Intelligence Unit Country Profile** 1985 No. 4.  
**Economist Intelligence Unit Country Profile** 1986 No. 1.  
**Economist Intelligence Unit Country Profile** 1986 No. 1.  
**Economist Intelligence Unit Country Profile** 1987-88.

#### **Internet**

[http://www.sas.upenn.edu/African\\_Studies/NEH/tz\\_chrnlg.html](http://www.sas.upenn.edu/African_Studies/NEH/tz_chrnlg.html)